



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO

Reeks H: Inouurele Rede nr. 111

**LOUDITKUNDE:
AKADEMIESE ONTWIKKELING VAN
'N PROFESSIONELE
BEDREWENHEID**

J.P.S. Pretorius

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1987

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur
Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika**

© 1987

ISBN 0 86990 941 X

ODITKUNDE: AKADEMIESE ONTWIKKELING VAN 'N PROFESSIONELE BEDREWENHEID

Te midde van talle beskrywings van wat Ouditkunde is of doen, word die volgende beskrywing, in vertaalde vorm, as die gangbaarste aanvaar:

Ouditkunde is 'n sistematiese proses waardeur bewyse aangaande die voorstellings van ekonomiese gebeure en optredes op 'n objektiewe basis versamel en geëvalueer word ten einde die mate van voldoening van die voorstellings aan bepaalde kriteria te meet en die resultaat daarvan aan belangstellende gebruikers oor te dra. (Joseph A. Silviso et al. "Report of the Committee on Basic Auditing Concepts". Volume 47 of "The Accounting Review" 1972 p.18)

Anders gestel: die ouditeur word deur belanghebbendes by 'n onderneming (aandeelhouers in 'n maatskappy, vennote in 'n vennootskap of die eienaar van 'n eenmansaak) aangestel om die boekstaving van transaksies van 'n onderneming in die rekords daarvan te ondersoek en om in sy auditverslag 'n mening uit te spreek oor die redelikheid, al dan nie, van die resultaat daarvan, dit wil sê die resultaat van bedrywighede en die stand van bates en laste in die finansiële jaarstate.

Die nut van die ouditeur se mening soos vervat in sy auditverslag lê in die woorde van Shakespeare "What's past is prologue", want uit ons kennis van die verlede poog ons om die toekoms te projekteer. Die finansiële jaarstate van 'n onderneming, hoewel histories, is daarom die voorspel, inleiding of basis vir die belanghebbendes, die huidige en potensiële aandeelhouers, vennote, eienaars en krediteure ten opsigte van sakebesluite wat hy op die punt staan om te neem. Die ouditeursverslag verleen geloofwaardigheid aan genoemde finansiële jaarstate. Die ouditeur het dan, soos afgelei kan word, 'n besondere verantwoordelikheid teenoor die belanghebbendes, soos die eertydse Minister van Finansies dit gestel het tydens sy toespraak voor die eerste vergadering van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad op 24 Oktober 1951. *"Na my mening is 'n baie belangrike kant van hierdie wetgewing die erkenning deur die Parlement van die beginsel dat 'n ouditeur 'n plig sowel teenoor die publiek as teenoor sy kliënt het. Baie jare het die*

ouditeure getwyfel ten opsigte van hulle verantwoordelikheid teenoor die publiek”.

Hierdie opgelegde verantwoordelikheid vereis ’n deeglike opleiding wat deur die eerste Algemene Ouditeurstandaard (OU 010: SAIGR) omskryf word as “die nodige tegniese opleiding en bedreweheid”. Om dit te bereik behels die opleidingstruktuur van rekenmeesters en ouditeure ’n drieledige maar tog onderling verweefde benadering, te wete:

1. *Akademiese opleiding* wat die konseptuele bestudering van Rekeningkunde, Ouditkunde en verwante vakke behels.

2. *Praktiese werkservaring* wat die leerlingrekenmeester bekom tydens sy leerkontrak by ’n rekenmeester en ouditeur in die openbare praktyk, deur praktiese beoefening van sy akademiese kennis in ’n verskeidenheid en relevante situasies.

3. *Professionele onderrig*. Gelyklopende met laasgenoemde word sy professionele vermoë ontwikkel, naamlik objektiwiteit, integriteit, onafhanklikheid en meesterskap van algemene standaarde.

Elk van hierdie komponente in die opleidingstruktuur is onlosmaaklik afhanklik van die ander, want dit gaan oor die opdoen van kennis van die vakprinsipes wat egter alleenlik waarde het in die praktiese uitvoering daarvan volgens vereiste aanvaarde professionele standaarde.

Word die Kwalifiserende Eksamen van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad geslaag en die leerkontrak van ten minste drie jaar suksesvol afgelê, het die leerlingrekenmeester toegang tot die profesie en kry hy die kwalifikasies van geregistreerde rekenmeester en gektrooieerde rekenmeester (SA).

Sedert 1862 toe die ouditprofesie by wyse van die “Royal Charter” in Engeland beslag gekry het en die oudit van maatskappye daar verpligtend gemaak is (vandaar die steeds aanvaarde term “Chartered Accountant” wat ook in die RSA geld na aanleiding van die Wet op Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad 51/1951), het Ouditkunde as ’n pragmatiese dissipline ontwikkel, in ’n groot mate geskei van die teoretiese oorweginge. Eers in 1961 het Mautz en Sharaf vorendag gekom met ’n eerste poging om ’n omvattende geïntegreerde teoretiese raamwerk vir Ouditkunde te ontwikkel. Hoewel geeneen ontken dat die

rekenmeester akademies onderrig moet word nie, is daar tog 'n verskil in siening met betrekking tot dié plek en waarde van die bestudering van die vakprinsipes van Ouditkunde ten einde professionele bedrewenheid te bekom.

Hier deel ek die siening van Mautz en Sharaf, Krogstadt en andere, saamgevat in eersgenoemde se woorde: "On reflection, one sees something incongruous in the existence of a professional group drawing its status primarily from the practice of auditing, but having no perceptible body of theory to support that practice".

Ek wil daarom met hierdie rede geensins die opstellers van die SANSU-verslae se geleerde menings bevraagteken deur te bewys dat Ouditkunde wel 'n basiese wetenskap is nie; dit sou te veel klink na die geroep van 'n enkeling (of akademikus) in die woestyn wat teen wil en dank die bedreiging daarin (die SANSU-verslae) sien dat die onderrig van Ouditkunde nie by 'n universiteit tuishoort nie. Sou dit 'n bedreiging wees, lê dit nie by die SANSU-verslae nie, maar eerder aan die deur van diesulkes wat meen dat Ouditkunde 'n "praktiese vak" is, wat dit ook al mag beteken. Wat ek wel kortliks sal aanraak in die akademiese ontwikkeling in Ouditkunde tot die verkryging van professionele bedrewenheid, kan onder die volgende hoofde saamgevat word:

- Navorsing in Ouditkunde en die plek daarvan in akademiese ontwikkeling.
- Die verantwoordelikheid van Suid-Afrikaanse universiteite in die akademiese ontwikkeling van voornemende rekenmeesters en ouditeure.
- Onderrig van Ouditkunde aan die PU vir CHO.

1. NAVORSING IN OUDITKUNDE EN DIE PLEK DAARVAN IN AKADEEMIESE ONTWIKKELING

Ernest Greenwood (1987:46) bring die belang van 'n teoretiese raamwerk in die studie en beoefening van 'n vak in perspektief as hy sê dat enige profesie oor 'n teoretiese raamwerk wat intern standvastig is, moet beskik, en dat die suksesvolle beoefening van 'n profesie vereis dat die teorie bemeester moet word ten einde professionele vaardigheid of bedrewenheid te bekom. Dit is nie so dat daar nie basiese navor-

sing in Ouditkunde gedoen word nie, maar eerder dat wat gedoen is, miskien of gekompartementaliseer word as iets waarmee die akademikus hom moet besig hou, of onbekend is aan die beoefenaar van ouditkunde. Tiperend hiervan in die onlangse vakliteratuur is die siening van Hermanson, Strawser en Strawser (1987:10): “The accounting principles that have evolved over the years have not always been a model of consistency. However both practising and academic accountants are working to develop a more consistent system of both accounting and auditing theory”. Hierdie stelling word gemaak asof daar maar met navorsing voortgegaan kan word, terwyl die vak in afsondering beoefen kan word, en ook ten spyte van erkende werk op hierdie gebied deur Mautz en Sharaf, Krogstadt, Chambers, Mattesich, Carey en andere wie se navorsing sydelingse verwysing geniet in die inleidende hoofstukke wat as ’n sogenaamde “teoretiese raamwerk” (wat dit ook al mag beteken) dien vir die ouditmetodologie in die res van die boek, wat ongelukkig geen verband daarmee toon nie.

Ons wat verantwoordelikheid vir die onderrig van Ouditkunde aanvaar, moet in ons onderrig, en waar ons van vakboeke gebruik maak, ons onderrig sien as die plek waar ons ook die liefde moet kweek vir die vak en motivering moet gee vir navorsing in Ouditkunde. Dit is daarom die plek waar die vakprinsipes uitgebou moet word en navorsing voorskrifte vir die praktyk moet lewer, dit wel om die volgende redes:

- Eerstens, die begripsproses vir die toepassing van bepaalde metodes en tegnieke in die beoefening van Ouditkunde kan nie sonder die onderliggende aannames en struktuur van geïntegreerde idees van die vak plaasvind nie. Matuz en Sharaf (1961:5) sê in hierdie verband: “As an organised body of knowledge there must by some rhyme and reason to its system; there must be primary and secondary levels of knowledge; there must be relationships and inter-relationships; there must be a reconciliation and report with other fields of knowledge”. Oor dekades heen egter het die ouditpraktyke gereageer en aangepas by ekonomiese, sosiale en politieke omstandighede. Terwyl dit pragmatiese verfyning ondergaan het, het die basiese aard en struktuur tog dieselfde gebly (Krogstadt, 1975:118). Ouditprosedures is ontwikkel in tegnieke en metodes sonder om die herkoms of basis daarvan te bepaal. Dit sal lei tot die aanleer van standaardouditprosedures om dit van oudit-tot-oudit te veralgemeen en sodoende die unieke wat eie is aan elke onderneming as gevolg van sy bepaalde transaksies en styl te ignoreer, of om ten opsigte van

elke unieke ouditsituasie sy eie prosedures toe te pas solank jy dit net reg kan naslaan in die oudithandleiding deur middel van die inhoudsopgawe. Teenoor laasgenoemde beveel Carey aan dat 'n studie van die ouditfilosofie 'n vereiste studiegebied vir elke voornemende rekenmeester en ouditeur moet wees (Krogstadt 1975:4, aangehaal uit John L. Carey, *The CPA plans for the future*, New York AICPA p.188). Word dit nie gedoen nie, bly die vak net waar dit is, met periodieke pragmatiese verfyning na aanleiding van eksterne kragte.

- Dit lei tot die tweede rede, naamlik dat studente in die Ouditkunde — en wat sodanige handboeke gebruik — nie kennelik probeer om die wette geldend vir die werklikheid van Ouditkunde met logiese onderskeidinge en linguale formulerings van die onderskeidinge te begryp of die wette wat vir die werklikheid geld te verstaan nie (na aanleiding van die definiëring van 'n wetenskap deur Riesen uit Botha (1977:25)). Die student groei daarom op in 'n milieu van “moets” en “moenies” sonder om wasdom te bereik deurdat “hoekoms” en “waaroms” agterweë bly.

In hierdie verband verklaar die Committee on Basic Auditing Concepts (p.27): “Whenever premises are assumed, the credibility of conclusions comes from the investigator’s belief in the assumptions and the validity of the arguments used. There can be no doubt that auditors reach many conclusions which they believe to be valid where the assumed premises are not explicit”.

Die student in Ouditkunde moet daarom gelei word tot en ondersoek instel na die basis van onderskeid in tegnieke, prosedures en beginsels, die erkenning van standaarde, die aard en klassifikasie van bewysmateriaal en die verwantskap met oudittegnieke. In hierdie opsig sal hy die ouditfilosofie moet bestudeer en hom vergewis van sy postulate, konsepte, standaarde om sodoende die antwoord te kry ten opsigte van die geldigheid van sy argumente en die regverdigheid van sy oordeel wat volgens Mautz en Sharaf die embriogedagtes van Ouditkunde as vakwetenskap is.

Lothian onderstreep ter ondersteuning die belang van akademiese ontwikkeling in die verkryging van die professionele bedrewenheid. Hy sê: “. . . such education focusses on ‘state-of-art’ methods for solution and unrelenting accuracy. The students practise and practise until they get

the problems right every time; in doing so they develop an efficiency in problem solving. This stage is a skill building process which is made all the more easy if the intellectual apparatus (akademiese opleiding) described . . . is securely in place”.

Of sal daar oor vyf en veertig jaar ook weer van ons gesê word soos deur 'n komitee van deskundiges in 1942 na aanleiding van 'n ondersoek van die profesie: “. . . there is little or no evidence during the last twenty to twenty five years to show that the professional accountant qua professional accountant has produced a single idea of value to the industry or state. He has merely ticked and cast and trusted in God”. (“The future of Auditing” Anonymous. The Accountant. Volume 106 January 17, 1942:31).

2. DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN SUID-AFRIKAANSE UNIVERSITEITE IN DIE AKADEMIESE ONTWIKKELING VAN VOORNEMENDE REKENMEESTERS EN OUDITEURE.

Universiteite, en in die Verenigde Koninkryk ook Poli-tegnikons, is vir die akademiese opleiding verantwoordelik. Hierdie verantwoordelikheid is nie 'n verpligting wat op die instansie gelê is nie. Die grade en diplomas wat tradisioneel deur hulle aangebied is, is as voldoende aanvaar indien dit aan die rekenmeesterprofesie se vereistes voldoen het. Om hierdie rede pleeg die profesie, deur middel van sy professionele liggaam, periodiek oorleg met die universiteite in verband met die silabusse van rekeningkundige en aanverwante vakke.

Voorbeelde hiervan in Suid-Afrika is die COBOK-verslag (Kyk: Report of the Common Body of Knowledge. National Council of Chartered Accountants in South Africa, November 1969) en die OVKOM-sillabusvoorstelle (Opvoedkundige-vereistekomitee) ter vervanging van die COBOK-voorskrifte. Die mandaat van laasgenoemde lui soos volg:

- “Om die Raad (Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad) se beleid ten opsigte van die onderrig- en opleidingsvereistes vir toelating tot die rekenmeestersprofesie te herbevestig en in die lig van die huidige en verwagte toestande te hersien, en
- Om die gemeenskaplike kennisinhoud vir professionele rekenmeesters in Suid-Afrika te heroorweeg en/of toepaslike veranderings aan te beveel”.

In die lig van hierdie mandaat het OVKOM sillabusse vir die relevante vakke wat aan universiteite aangebied moet word ten einde studente vir die Kwalifiserende Eksamen voor te berei, in oorleg met universiteite en lede van die profesie ontwikkel.

Universiteite kan dan hierdie sillabusse by hulle graadkurrikula inwerk. Die graadkurrikula moet egter 'n sekere voorgeskrewe element basiese wetenskap volgens die voorskrifte van die Departement Nasionale Opvoeding bevat. (Kyk: SANSO 115) Hierdie optrede is in ooreenstemming met die aanbevelings van die "Kommissie vir die ondersoek na die ontwikkeling van die Rekenmeestersprofesie in Suid-Afrika" waar aanbeveling 36 soos volg lui:

- “(i) That the structuring of degree courses should be left to the universities to meet the needs of the profession, such structuring to allow for optional subjects to cater for the ultimate career objectives of the students;
- (ii) That the common body of knowledge, contained in the gazetted syllabuses of the PAA Act . . . should be re-established and continually updated by a committee consisting of members of the universities and the PAAB”.

Professionele rekenmeestersliggame in die buiteland huldig dieselfde mening betreffende die akademiese opleiding wat deur die universiteite verskaf moet word. In hierdie verband verklaar die Instituut in Engeland en Wallis: “The Council has thought it preferable for the Institute to continue, not to provide Foundation Education, but to accredit suitable courses in both the public and private sections of education” (Kyk: Education and Training. A policy framework for the future) Soortgelyke bepalings bestaan in Skotland, Kanada en Australië.

Die praktiese toepassing van die samewerking tussen die profesie en die universiteite oor die vorm en inhoud van die akademiese opleiding het heelwat polemieke veral in Suid-Afrika tot gevolg gehad. Onvoldoende onderskeid tussen die akademiese opleiding en die ander opleidingsfasies met betrekking tot wie, wat, wanneer moet aanbied, het 'n verskuiwing van verantwoordelikhede tot gevolg gehad. Studente kan in Suid-Afrika in die eerste jaar van hulle leerkontraktydperk en na voltooiing van hulle voltydse universitêre loopbaan die einde van die vorige jaar die Kwalifiserende Eksamen skryf vir toelating tot die profesie. Om-

dat weinig of geen praktiese- en professionele opleiding tot op daardie stadium tydens die beperkte leerkontraktydperk bekom kan word nie, word dit van die universiteite “verwag” om afgesien van die akademiese opleiding ook daardie leemte te vul. Hierdie toedrag van sake bevraagteken die geldigheid van Kwalifiserende Eksamen. Enersyds, sou hierdie eksamen nie ook praktiese- en professionele kennis toets nie, is dit net ’n hereksaminering van wat die universiteite reeds geëksamineer het en faal die Kwalifiserende Eksamen as ’n professionele toelatings-eksamen. Andersyds, word die akademiese, praktiese en professionele kennis getoets, soos wat van professionele toelatingseksamen verwag word, maar sonder dat studente behoorlik in die praktyk prakties en professioneel onderrig is, plaas dit ’n dubbele las op die universiteite, soos hierbo aangedui.

Hierdie toedrag van sake is deur verskeie belanghebbende partye in die openbaar en in kommissieverlae beredeneer; helaas tot op hede is dit nog nie bevredigend beredder nie.

In hierdie verband beweer Basil Wolman soos volg: “It has often been stated that the Final Qualifying Examination of the Public Accountants and Auditors Board has had a detrimental effect on the teaching of a accountancy at various universities”. In dieselfde verband verwys Wolman ook na die gevolg van die beweerde nadelige invloed. Hy sê: “There can be no doubt that the Final Qualifying Examination has resulted in the approach at universities becoming more technique-oriented”. (Kyk: The Status Quo of Accountancy Education at Universities in South Africa) As oplossing bepleit Wolman ’n konseptuele benadering deur die universiteite. Tydens Provinsiale en Streekskongresse van die rekenmeestersprofessie trek praktisyns weer te velde teen die konseptuele benadering as hulle beweer dat studente wat so opgelei is, nie eenvoudige praktiese rekeningkundige werk kan verrig nie. (Kyk: The Status Quo of Accountancy Education at Universities in South Africa)

W.A. Joubert spreek hom ook uit ten gunste van ’n konseptuele benadering deur universiteite, want hy vind dit moeilik om die praktiese milieu in ’n klaskamer te simuleer. (Kyk: Is the CA adequately equipped for his role in Society. W.A. Joubert) Joubert volg hierdie bewering op in ’n latere publikasie as hy sê: “. . . our participating universities have, perhaps, become too clever at preparing students for the QE. We have even reduced the training period to four years full time study by coaching students in those techniques that will best cope with problems

presented in the QE . . . But if we at the universities, and our total profession, believe that this is a step towards preparing CA's for the rigours of the next decades, we had better start at square one. (Kyk: Our Qualifying Examination. W.A. Joubert)

Die Van Wyk de Vries-Kommissie som die posisie soos volg op: "Although the Board has the statutory powers to prescribe to universities, in practice there has to be a reasonable measure of flexibility in co-operation in laying down and modifying curricula. There appears to be a sound measure of consultation. However, the fact that the Board conducts its own examinations for admission to the profession, means that the teacher at the university sometimes has to sacrifice his own academic approach because he is, after all, giving training for an external examination." (Kyk: Hoofverslag van die Kommissie van ondersoek na Universiteite. Departement van Nasionale Opvoeding)

'n Oplossing vir hierdie verwarrende situasies moet gesoek word met die volgende in gedagte:

1. Verantwoordelikhede met betrekking tot die opleidingsfases moet duidelik gedefinieer word.
2. 'n Band van aanvulling en inskakeling tussen die akademiese opleiding aan die een kant en die praktiese werkservaring en die professionele onderrig aan die ander kant moet bewerkstellig word. Vergelyk die mening van die professie in Engeland en Wallis: "The aim of Foundation Education is to ensure that students have a sound and appropriate base upon which they can build their subsequent professional studies and practical training". (Kyk: A Policy framework for the Future)
3. Samewerking tussen die universiteite en die professie vir die daargestelling van sillabusse is 'n onbetwisbare werklikheid. Die professie behoort die akademiese outonomie van die universiteite te erken wanneer laasgenoemde die nodige basiese wetenskap in 'n graadkurrikulum wil inbou en dit doseer. Universiteite op hulle beurt moet aandag gee aan die vereistes van die professie wanneer laasgenoemde sillabusvoorstelle voorlê om die akademiese opleiding in die praktyk bruikbaar te maak.

3. ONDERRIG VAN OUDITKUNDE AAN DIE PU VIR CHO

Soos altyd sal gehou word by die OVKOM-leerplanne in ons onderrig, dit wil sê wat die praktyk wil hê ons moet lewer, maar dit sal steeds versterk word deur vorming van 'n voldoende intellektuele onderbou om die grense van kennis met basiese navorsing altyd verder af te pen. Daar moet in die aanbieding van Ouditkunde as die akademiese deelproses vir die verkryging van die nodige professionele bedrewenheid daarom ook die ywer wees om die basiese wette wat sy bedryf in die praktyk onderlê te ondersoek. (Mautz en Sharaf 1961:5). Dit sal Ouditkunde in akademiese verband en in praktiese toepassing fundering gee. Mautz en Sharaf (1961:246) sê in hierdie verband: "Every field must have such a foundation and it must never permit itself to become separated from the elemental disciplines from which it draws its strength. There is a particular danger in this for the applied fields which may become so concerned with the problems of practice that they neglect their relationship to knowledge generally. To do this is to lose touch, not only with theory but also with the reality of the given field".

Akademiese onderrig moet waarlik preskriptief vir die verkryging van professionele bedrewenheid wees, dit wil sê die vermoë om die uitdaginge wat die finansiële en ekonomiese wêreld bied, nie patroonmatig nie maar vanuit die konseptuele struktuur van geldigheid van argumente en oordeel van waarde te benader.

Ouditprosedures wat uitgevoer moet word met betrekking tot bewysversameling en bewysbeoordeling en meningsvorming oor waarde, sal en moet op so 'n wyse aangeleer word dat dit die antwoord is op die "waaroms" en die "hoekoms". Algemeen aanvaarde ouditstandaarde wat die kwaliteit daarvan beheers, sal deur die student as 'n uitvloeisel van die oudit konsepte van:

- bewyse en die waarde daarvan,
- nodige sorg en vaardigheid,
- redelike weergawe, en
- etiese optrede, aanvaar moet word.

Dan sal hierdie ouditstandaarde nie net moeilik en omvangryke leerstof wees nie, maar eerder die begrippe waarvolgens 'n ouditoptrede in 'n bepaalde situasie en 'n dinamiese handelingswêreld, met wisselende waardes en behoeftes, ontleed kan word aan die hand van die vaste

grondslae van die vakwetenskap met sy wortels stewig in, soos ons glo, in God-Drieëinig. Duvenage (1985:14) maak die afleiding: “God-Drieëinig openbaar aan hom in die skepping, onderhouding, regering en verlossing van *alle dinge* vind hulle *sin* in die verhouding tot God”.

Waar die hele leerproses van Ouditkunde, van dië filosofiese basis tot en met die toepaslike praktiese prosedures, daarom een nie-differensieerbare eenheid is, sal die kennis so bekom van dag tot dag gesoek word in die Lig van Gods wil. Dit met die blye wete dat ons in hierdie gebroke wêreld nie alleen is nie, maar dat die Alfa en die Omega in alles ons lei in die verkryging van kennis, navorsing en die oordrag daarvan, soos sy belofte in Jesaja 28:26 lui: “Sy God leer hom en gee hom die kennis hoe om dit alles te doen soos dit hoort”. Dit is duidelike woorde dat God ons die verstand gegee het om kennis te bekom en die vermoë gegee het om dit van dag tot dag te beoefen, maar dat Hy ons nie alleen laat nie maar steeds elke oomblik leer hoe.

Ten tweede sal ons die kursus aanbied en kennis oordra ter voldoening aan die hoë etiese vereistes meegebring deur die verantwoordelike van die ouditeur teenoor die samelewing. 2 Petrus 1:5–7 dui aan: “En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis, en by die kennis die selfbeheersing, en by die selfbeheersing die lydsaamheid en by die lydsaamheid die godsvrug, en by die godsvrug die broederliefde, en by die broederliefde die naasteliefde”. Groenwald (1977:111/2) sien “deug” hier as die hoogste vorm van die etiek en “kennis” as die ware soeke na die daaglikse wil van God.

Ten derde sal studente gelei word tot kritiese denke wat op sigself vir die ouditeur ’n noodsaaklike deel van sy wapenrusting moet wees ter beoordeling van bewyse in die gees van ’n gesonde skeptisisme, maar ook dat dit van hom ’n selfleerder sal maak wat onafhanklik van sy dosent sy eie leerbehoefes sal bepaal, dat wat hy leer, beplan sal word om by sy verstaansvlak aan te pas en om sy besluitnemingsvermoë uit te brei. (A.J. Havenga 1987: Die verhoging van universiteitsproduktiwiteit deur onderrig- en leerontwikkeling). Dit sal hom dan vir altyd ’n student maak wat sy “hoekoms” en “waaroms” nie in ’n handleiding soek nie, maar in ’n gefundeerde teoretiese struktuur van Ouditkunde.

BRONNELYS

- BOTHA, M.W. 1977. Elementêre inleiding tot die Wetenskapsleer.
- DUVENAGE, B. 1985. Christelike wetenskap as Woordgebonde wetenskap. Potchefstroom.
- TALJAARD, J.A.L. 1975. 'n Skrifmatige sinsleer. Potchefstroom.
- MAUTZ, R.K. en SHARAF, H.A. 1961. The philosophy of Auditing. American Accounting Association.
- KROGSTADT, J.L. 1975. Towards the postulates of Auditing. (Proefskrif — University of Nebraska).
- HERMANSON, ROGER H., STRAWSER, JENNY R., STRAWSER, ROBERT H. 1987. Auditing Theory and Practice.
- GREENWOOD, ERNEST. Attributes of a profession. Social work 3 no. 3 (July 1957).
- BARCLAY, WILLIAM. 1960. The letters of James and Peter. Edinburgh.
- GROENEWALD, E.P. 1977. Die Briewe van Petrus.